# 177 Herskep o Gees laat leef o Gees




Die Bose skend ons lewensdoel;
ons word tot ydelheid verlei;
ons soek die nietiigheid,, o Heer;
verval in sonde-slawerny.

O Gees, verlos; laat mense vind
die wonder dat ‘n sondaar weer
met God die Vader as ‘n kind
in gees en waarheid kan verkeer.

Laat Christus heerlik in ons leef!
Maak ons teen bose magte sterk.
Verseker ons: “God het jul lief!”
En laat ons waak en bid en werk.

William Shrubsole (1759-1829) Hamburg (1690)